P019

1Korintiërs 7:10-16

# Sal my kinders gered word?

**Preekopname**: https://tinyurl.com/7nnc2a74

**W**at lê nader aan gelowiges se harte as die redding van hulle kinders? En wat breek hulle harte meer as kinders wat hul rûe op die Here en Sy evangelie draai?

Baie Christene glo dat die Here anders met húlle kinders werk as met ongelowiges s'n – amper asof Hy twee stelle standaarde het. Meeste van hulle baseer dit op 'n bepaalde verstaan van die genadeverbond.

Die probleem – afgesien daarvan dat daar geen verantwoordelike Bybelse grond vir so 'n beskouing is nie – is dat sóvele wat in Christenhuise groot word, hulle geloofsopvoeding mettertyd oorboord gooi, of niks verder kom as 'n bloot kulturele soort Christenskap nie.

*Het Christenouers dus enige grond om te verwag*
*dat húlle kinders inderdaad gered sal word?*

## 1Kor 7:14

\# As dit gaan oor die redding van hulle kinders, gryp baie ouers na 1Kor 7:14.

Kyk net hoe stel die NAV dit: *"Die ongelowige man is by God aanneemlik deur die band met die gelowige vrou, en die ongelowige vrou is by God aanneemlik deur die band met die gelowige man. Anders sou julle kinders heidene wees, maar nou behoort hulle aan God."*

Dit is 'n sterk bevooroordeelde parafrase en 'n goeie voorbeeld van hoe mens jou eie voorkeure en teologiese mistastings in 'n nie-letterlike vertaling kan inbou (vgl. OAV, DAV; ESV ens. vir 'n ordentlike en meer letterlike vertaling).[1]

Veel nader aan die Grieks is die OAV: *"Want die ongelowige man is geheilig deur die vrou, en die ongelowige vrou is geheilig deur die man; want anders sou julle kinders onrein wees, maar nou is hulle heilig."* (Die 2020 vertaal basies dieselfde).

\# Die idee van heiligheid kom drie keer in die teks voor. Hieroor twee opmerkings.

+ As om te heilig hier sou beteken om te red, sou dit beteken dat kinders gered word op grond van een of beide ouers se geloof.

---

[1] Hou in gedagte by die lees van Engelse vertalings dat *"to sanctify"* dieselfde beteken as *"to make holy"*.

Maar, om konsekwent te wees, sou ons dan óók moet sê dat 'n gelowige vrou haar ongelowige man se redding verseker, of omgekeerd.

Duidelik kan dit níé wees wat die vers wil sê nie!

+ In die konteks wil Paulus iemand wat tot die geloof gekom het ontmoedig om van 'n ongelowige huweliksmaat te skei. 'n Belangrike rede word in v.14 aangevoer.

Om iets te heilig, beteken om dit eenkant neer te sit, om dit af te sonder (Eng. *to set apart*). Paulus sê dus vir die gelowige huweliksmaat: Jou ongelowige eggenoot, asook jou kinders, is opsygesit. Hulle is besonder bevoorreg.

Waarom? Die ongelowige leef in die huwelik heeldag saam met iemand wat die aangename geur van Christus versprei! En die kinders kan die evangelie van kleins af hoor! Na alle waarskynlikheid sal dit daartoe lei dat ook húlle uiteindelik tot geloof sal kom. Moet dus nie loop nie, sê die apostel – die Here wil jou in hulle lewens gebruik!

# So 'n verklaring maak al die sin in die wêreld. Want feitlik almal wat tot geloof kom, kom tot bekering na aanleiding van hulle kontak met een of meer Christene. En veral geld dit in gesinsverband. Ervaring en waarneming bevestig dit oor en oor.

## Kom ons dink bietjie dieper

In die soeke na 'n Bybelse perspektief op die saak, moet drie groot beginsels in balans of jukstaposisie gehou word – beginsels waarvan ons die samehang dikwels nie ten volle verstaan nie.

Dit staan soos 'n driepoot – wat mens byvoorbeeld op die plaas gebruik om 'n trekkerenjin uit die bakwerk te lig – vas en stewig. Elke poot is noodsaaklik vir stabiliteit. Verwyder een poot en die hele struktuur kantel om.

Die beginsel van die ekwilibrium van twee of meer oënskynlik-onversoenbare waarhede in die Skrif, is 'n les wat elke Christen baie gou en baie goed moet leer.

### *1. Die beginsel dat God as 'n reël <u>middellik en organies</u> werk.*

Die begrip "middellik" dui op 'n onregstreekse en indirekte werkswyse – op die gebruik van allerlei middele, omstandighede, instrumente en agente om 'n doelwit te bereik. Veral staan dit vas dat God spesifiek Sy kínders as instrumente en medewerkers gebruik – kom ons sê maar, as "gereedskap".

Dit bring mee dat daar gewoonlik 'n aaneenlopende verband is tussen die dinge wat die Here doen. Die een ding lei tot die ander. Daar is 'n oorsaak-gevolg verband of relasie.

Wat sê dit oor ons en ons kinders? Ten minste twee dinge.

+ Eerstens: die Christelike opvoeding, lering en voorbeeld wat kinders in die ouerhuis en gemeente kry, speel 'n baie groot rol in die bekering van baie. Ons het dus goeie Bybelse grond vir die vertroue dat die Here ons voorbeeld en lering middellik sal gebruik in die bekering van ons kinders.

+ Tweedens: die gebede van Sy mense word deur God ingeweef in die uitwerk van Sy raadsplan – ook dus ouers se gebede vir hulle kinders. Ons geniet die wonderlike

voorreg om medewerkers van Hom te wees. Maar dit laat ook 'n gewigtige gebeds-verantwoordelikheid op ons rus.

Om ons aan te moedig tot getroue gebedsbetrokkenheid by die koms van sy koninkryk, belowe die Here om op ons gebede ag te slaan; trouens, laat smaak Hy ons inderdaad gebedsverhoring.

Laat ons daarom voortdurend, gelowig en met verwagting vir ons kinders bid! Al is hulle nog baie klein, is elke gebed 'n fondamentklip wat in plek geplaas word waarop godvrugtige lewens in latere jare gebou sal word. Dit geld natuurlik ook in die geval van reeds volwasse kinders wat nie die Here dien nie.

## *2. Die beginsel van menslike en individuele verantwoordelikheid.*

As dit oor menslike verantwoordelikheid gaan, is Eseg 18 dalk die Bybel se *locus classicus*.

Oor en oor verseker hierdie hoofstuk ons – en let op dat dit in die Ou Testament staan – dat elke individu sélf voor God verantwoordelik en aanspreeklik is.

Die basiese beginsel word in v.20 só gestel: *"Die mens wat sondig, sal sterwe. 'n Seun sal nie die straf op sy pa se sonde dra nie, en 'n pa sal nie die straf op sy seun se sonde dra nie. Wie leef volgens my wil, sal die vrugte daarvan pluk. Wie goddeloos is, sal die straf daarvoor dra."*

Wat sê dit vir ons en ons kinders?

\+ Eerstens: Ouers wat hulle plig versuim om hulle kinders volgens Bybelse beginsels en voorskrifte op te voed, moenie verbaas wees as hulle in later jare die bittere vrugte daarvan in die lewens van hulle nageslag moet pluk nie.

Uiteraard geld dit ook die roeping tot voorbidding.

\+ Tweedens: Kinders wat die toegewyde opvoeding, lering en voorbeeld van heilige ouers oorboord gooi, moenie verwag om die regverdige en skrikwekkende toorn van God te ontkom nie.

\+ Derdens: Esegiël 18 bevat een van die aangrypendste oproepe tot bekering in die ganse Skrif (v.23, 30-32). Die Here put geen vreugde uit die dood van 'n sondaar nie! Nee, Sy behae lê in mense se bekering en die lewe wat daaruit voortkom. Laat elkeen van ons wat skuldig is – hetsy as ouer, hetsy as kind – hom of haar dus hartgrondig bekeer.

En onthou, bekering het die neiging om uit te kring; trouens, diegene wat naaste aan jou is, word feitlik altyd ingrypend ten goede geraak. Besef jy watter langtermyn effekte jou bekering (of verharding) op jou kinders kan hê – selfs in volgende geslagte?

Hou dit enige troos in vir ontroue ouers wat al 'n onbekeerde kind aan die dood afgestaan het? Beswaarlik kan mens méér sê as net dít: Die berou van súlke ouers sal dieper wees as die van andere – en die offer wat God meer as enigiets behaag, is 'n gebroke gees en 'n verslae hart (Ps 51:19).

Mag diegene vir wie die uurglas nog nie leeggeloop het nie, die daadkrag hê om reg te stel wat tot nou toe nagelaat is!

## *3. Die beginsel van God se soewereiniteit.*

\# Dis vir ons grootliks 'n geheimenis hoe die mens se verantwoordelikheid, en God se

soewereiniteit – in die besonder Sy vrymag in die redding van sondaars – presies met mekaar te rym is.

Maar dat beide sake vasstaande Bybelse waarhede is, kan deur geen aandagtige Bybelleser ontken word nie.

# Dwarsdeur die eeue het baie van die mees toegewyde gelowiges se kinders verlore gegaan – sonder dat dit terug herlei kon word tot flagrante ouerlike mislukking. Ouers kan eenvoudig nie hulle kinders se harte verander nie. Hulle kan net getuig; nie oortuig nie.

Wedergeboorte is iets wat nét God kan skenk. Geloof is 'n gawe van die Here.

Waarom gaan sommige verlore, al het hulle die evangelie aan moedersknie geleer? Die heel diepste redes bly gewoon vir ons verskuild. God is soewerein, en Hy openbaar nie alles aan ons nie.

Ons begrip is te beperk; ons leef in mindere dimensies as Hy.

# God se soewereiniteit moet ons nie bedreig nie; inteendeel. Baie oningeligtes het iewers die idee vandaan gekry dat hierdie attribuut van God wil sê dat Hy wispelturig doen net wat Hy wil, en nalaat wat Hy nie wil nie – ten spyte van ons mense se beste pogings.

Nee – 'n duisendmaal, nee! Die algoeie God se soewereiniteit funksioneer nooit in stryd met die res van Sy karakter en attribute nie. Wat meer is, in Sy liefde het Hy nie net besluit om Homself te verhéérlik nie, maar ook om dit tot 'n groot mate te doen deur die redding van sondaars – én om Sy kinders as medewerkers in die proses te gebruik.

Dit kan ons vir seker weet: As God in Sy soewereiniteit besluit het om iemand te red, sál Hy dit doen – ongeag hoe balhorig en weerbarstig so 'n persoon ook al is. Dit mag selfs eers op sy of haar sterfbed gebeur.

Ewe vas staan dit dat die Here baie, baie dikwels mense red ten spyte daarvan dat hulle klipharde ongelowiges as ouers gehad het – trouens, meermale is súlke kinders dan instrumenteel in die redding van die ouers.

Daarom, sonder God se soewereiniteit en uitverkiesende genade was daar geen kans dat ons kinders – in sonde ontvang en gebore, net soos ek – ooit gered sou kon word nie. Wie anders as net Hy sou immers 'n verlore mens se *"hart van klip"* kon vervang met 'n lewensveranderende *"hart van vlees"*?

## 'n Laaste woord

### *Kom ons benader dit eers negatief*

# As jy – om maar een voorbeeld te gebruik – 'n huigelagtige lewe voor jou kinders leef, deur Sondae by die kerk vol vroom praatjies te wees, maar deur die week soos 'n duiwel leef, moet jy nie verwag dat hulle as volwassenes die Here sal dien nie.

As jy nie jou kinders volgens die ordes van die Here groot maak nie, saai jy saad wat kort voor lank hartverskeurende onkruid in jou en hulle lewens gaan voortbring. Laat dit ná om jou kinders te dissiplineer en te tugtig, en jy gaan nog baie trane oor hulle stort.

En ergste van alles, jy sal eendag voor die Here (saam met hulle) aanspreeklik gehou word vir hulle verwerping van Christus en Sy evangelie – tensy, natuurlik, daar mettertyd belydenis en bekering, en dus vergiffenis, kom.

### *Maar kom ons sluit af op 'n positiewe noot*

# Maak seker jy is in Christus. Dien dan die Here met 'n onverdeelde hart. Wees getrou aan jou roeping as ouer, en jy het alle rede om te verwag dat jou kinders gered sal word!

Die feit dat God – wat middellik en organies werk – kinders laat opgroei in 'n ouerhuis waar Hy in gees en waarheid gedien word, is bes moontlik reeds 'n aanduiding van hulle uitverkiesing, en dus van hulle komende bekering en toewyding aan Christus.

Die feit dat kinders in die Here se soewereine raadsplan toevertrou word aan ouers wat die pad van geloof en verlossing bewandel, is na alle waarskynlikheid 'n sterk vingerwysing dat Hy groot planne met hulle het.

# Dus: Laat ons as ouers alles doen wat ons kan om ons kinders reg groot te maak en reg te leer volgens die Here se geopenbaarde wil. Laat ons heilig voor hulle lewe. Laat ons sonder ophou vir hulle bid.

Laat ons dan die res nederig in God se soewereine hand laat – in die wete dat Hy die Alwyse, Algoeie en Almagtige is wat op Sý tyd en op Sý manier doen wat Hom behaag en verheerlik.

En onthou, talle onbekeerde kinders kom eers lánk na hulle ouers se heengaan tot redding.

*Terwyl 1Kor 7:14 niks wil sê oor enige outomatiese redding van ons kinders nie,*
*wil dit ons wel op die hart druk dat hulle opsy gesit is,*
*dat hulle besonder bevoorreg is,*
*dat die Here na alle waarskynlikheid óns*
*as instrumente in hulle bekering en redding wil gebruik.*

**><(((*>**

**Nico van der Walt**
***Tel: 082 848 9396***
***Epos: nico.vanderwalt@reformed.org.za***
***www: http://www.imagodei.co.za/***
***YouTube: Nico van der Walt - Imago Dei***
***YouTube direk: https://tinyurl.com/69suvbev***